"Vroeë kinderontwikkeling idees"

deur Willemien Krüger © Maart 2012

'n Paar jaar gelede het ek 'n besigheid gehad waar werkswinkels aangebied is vir mammas met hulle onder driejariges waar ons saam leer speel het en ouderdom spesifieke stimulasie vir ontwikkelings mylpale gegee is. Areas het ingesluit aspekte soos fyn motories, groot motories, intellektueel en kreatiewe ontwikkeling. Dit was 'n goeie leerervaring vir myself en al die mammas en kinders wat gekom het. Ek het geleer (soos ek glo die meeste ma's doen na 'n eerste kind) dat 'n klomp intellektuele, fyn en groot motoriese stimulasie spontaan gebeur in die konteks van gewone lewe, solank jy besig is om 'n lewe te lewe deur plekke te besoek, mense te sien, dinge te doen en jou kind te betrek in alles. Maar steeds is ons soms onseker of ons genoeg doen en watter tipe speelgoed ons klein kindertjies nodig het. Hierdie artikel gaan poog om daardie vraag te beantwoord. Dit sal dalk ook help in om te weet watter tipe presente mens kan koop vir ander mense se kinders as jy onseker is daaroor of verby daardie stadium met jou kinders is.

Om meer te leer oor Vroeë Kinder ontwikkelings Mylpale, is die internet baie waardevol. Webtuistes soos die volgende is waardevol :

http://www.babycenter.com/milestone-charts-birth-to-age-3

http://www.baby-milestones.com/

http://www.zerotothree.org/child-development/early-development/

Op al die webtuistes is daar beskrywings van alles wat jy kan verwag teen waneer. Jy sal sien dat apart van die reuse spronge in groot motoriese vaardighede wat in die eerste jaar gemaak word (sit, kruip, staan), is daar ook die ontwikkeling van fyn motoriese vaardighede soos die knypgreep (waar duim en voorvinger aan mekaar raak), en intellektueel is daar geweldige groei in begrip en insig in die tweede jaar van ontwikkeling. Van sowat 2 jaar oud het 'n kind sowaar die kapasiteit om regtig nuwe dinge aan te pak soos om kreatief te wees, te klim en hop, te teken en natuurlik amper nimmereindigend te babbel/praat.

'n Baie belangrike ding om te onthou is dat geen van hierdie idees in die onderstaande table voorskriftelik is t.o.v. wat jou kind behoort te kan doen teen 'n sekere ouderdom nie…hierdie artikel se doel is om idees te gee vir jong ma's wat op soek is na opvoedkundige speel idees, dit is nie 'n dokter se analise van jou kinder se ontwikkelings mylpale nie. Alle kinders ontwikkel teen verskillende tempos en ook verskillend in sekre aspekte. Dit is baie meer belangrik om daaglikse een-tot-een interaksie met jou kind te hê sodat hy/sy die ervaring van **verhouding bou** tyd kan ondervind.

Onderstaand 'n table wat idees gee vir maklik-om-te-maak speelgoed vir jong ouderdomme in groepe van 6 maande vir die eerste drie jaar van 'n kind se lewe :

Gedurende die eerste sal daar groot ontwikkelings spronge gebeur in groot motoriese, fyn motoriese en intellektuele vaardighede.		
0 – 6 maande (van pasgebore tot sittende baba, wow !) Teksture van alle soorte (satyn, lint, tou (net so or geknoop vir ‘n ander gevoel), fluweel, velt, skuurpapier, krulle, ens.) om te voel en beskryf. Magnete – om aan en af te haal van blikke, die yskas of vrieskas or enige ander magneties aantrekkende oppervlakte (uitstekend vir fyn motoriese onwikkeling) Handpoppe (gemaak van of karton met plek vir net 2 vingers om deur te gaan soos in prent van Hompie Dompie or materiaal tipes) – goed vir taalontwikkeling en speel		**Sensorie evaringe –** sien, hoor, voel, proe en ruik. Al hierdie sintuiglike ervaringe is deel van daaglikse lewe, maar kan ekstra spesiaal vir baba wees met ekstra variëteit.
6 – 12 maande (nou sal die eenjarige al dinge in hy/sy hande kan neem…om dan in sy mond te sit) Klein boksies gevul met rys, pasta en sout sal verskillende geluide maak as geskud word. Soos wat baba probeer om strooitjies, watta of ‘n badkettinkie deur die opening van ‘n 2liter houers te sit sal ure se konsentrasie verg…(maar hierdie moet DOPGEHOU word want die versoeking sal groot wees om dit eerder in die mond te sit. As jy nie gemaklik is hiermee nie, los tot later fase) ‘Peg and play’ waar die knippies in hulle spasies op die bord geplaas kan word, die sien van kleure en vorms het goeie opvoedkundige waarde. ‘n Houer met 2 slitte bo-aan, verf 2 kleure en voorsien 2 kleure karton stukke om deur slitte in boks te probeer plaas. Legkaarte van die sagte tipe waar die kind net die groot buitelyne kan inplaas is goed en is ook ‘n lekker bad speelding.		Voorsien ‘n **veilige omgewing** vir ontdekking in en buite die huis en tuin. Buitespeel is baie belangrik en gesond.

Gedurende die tweede jaar is die groot ontwikkeling in taal en kommunikasie vaardighede, en moenie die groei in nog meer gevorderde groot motoriese vaardighede onderskat nie, wat jy dalk nie eers meer oplet nie…hop, spring en hardloop en so aan		
12 – 18 maande (So oulik en raak slimmer elke dag) Passing speletjies – in die prent is daar klomp handskoentjies van karton gemaak, waar die skoenlappers aangekoop is. Om allerhande prente in koeverte te sit en dan eer uit te haal en daaroor te gesels geniet kinders verrassend baie… Die groepering van kaarte of fisiese objekte van klein na groot of andersom Tuisgemaakte visvang spel van tou en magnete wat die visstok is, om vingertjie vasgemaak word om die vis, karton stukkies met 'n papierknip, mee te vang is goed vir fyn motoriese stimulasie. Plaas die karton skape se vermiste bane (wasgoedpennetjies) aan is 'n fyn motoriese aktiwiteit maar dit help ook met tel. Laaste 'n tuisgemaakte viltbeer waar die gesig, lyfie, arms en bene apart van mekaar is en die moet op die regte plekke op die basis van die hele lyf geplaas word. Vir ekstra pret voorsien ook 'n mus, serp, handskoene en kouse om op die kop, hande en voete te plaas.		Apart van om jou kind in jou eie lewe elke dag te betrek, probeer om iets met 'n spesifieke fokus daagliks te speel. Eenvoudige **speel met 'n bal(le)** kan uitdagend en pret wees nou.
18 – 24 maande (Ewe skielik kan die 2jarige heelwat meer doen…) Vir fynmotoriese vaardigheid ontwikkeling, voorsien ryggoed (selfs tuisgemaakte plastiekhouers waarin gaatjies gemaak is, is voldoende, maar nie skerp naalde en gare nie) Passing en kategorisering speletjies sal interessant en intellektueel stimulerend wees Alle soorte legkaarte met stukkies van 2 of self 4 dele kan 'n uitdaging vir sekere kinders wees (maar nie alle kinders geniet legkaarte nie…)		Nou is die tyd wanneer die huis gewoonlik met allerlei speelgoed gevul word, maar onthou dat speelgoed nie so belangrik soos **omgewing**, liefdevolle verhoudinge en die buitelug.

Gedurende die derde jaar sal jy ewe skielik besef dat jou 'baba' grootgeword het en nou 'n ware peuter is – wat 'n fantastiese reis het hy/sy deurgegaan…hou vas soos die nuuskierigheid julle albei besig en wakker sal hou		
24 – 30 maande (Baie vinnig gaan die tyd verby en die peuter is nou geinteresseerd in meer verskeidenheid van speletjies) Handpoppe wat gebruik kan word vir interaktiewe dialoog 'dramas' is baie waardevol Ryg met passende kleure en groot vorme Boontjiesakkies speletjies binne en buite die huis is altyd gewild Basiese vorms passing, kan ook jumbo groottes gebruik vir herhaling en inskerping Inkleur/teken materiaal – lekker groot vetkryte om te teken op groot stukke papier, bordkryt om buite op teëls te teken of selfs verf is lekker om nou te doen		Soos taal ontwikkeling spoed optel, is **gesprekvoeringe** met jou kind uiters belangrik. Die verstaan en uitvoer van instruksies sal nou verbeter. Allerlei tipe **kuns en musiek aktiwiteite** sal nou lekker wees, maar moenie te veel van 'n eindproduk verwag nie…
30 – 36 maande (Die aktiewe 3 jarige sal hom/haarself kan besig hou, maar sal steeds mal wees daaroor as jy met hom/haar speel) Om sy/haar eie boekies te hê is spesiaal vir meeste jong kinders Inkleurboeke is altyd handig so ook 'n verskeidenheid van legkaarte (op prent is ingesluit 'n vloerlegkaart met groot stukke) Passende kaartjies – kleur, vorm, geheel/stuk ens. kan saamgespeel word Om regte vorms op hulle plek op 'n prent te plaas is 'n uitdaging wanneer leer ook lekker is Ryg kan nou sinvol gebruik word om papierpoppe aan te trek of uit te trek (as mens nog van hierdie in die hande kan kry) kan dit ure se genot verskaf		Moenie versoek word om jou kind te vroeg na 'n kleuterskool te stuur nie, doen eerder moeite en nooi vriende met kinders oor na jou huis. **Niks kan jou rol in jou kind se lewe vervang nie.**

Al bogenoemde was baie waardevol vir my as jong mamma, en ek het geleer om te herken wanneer my babas/peuters besig was om iets te doen wat hulle fyn of groot motoriese, intellektuele vaardighede of kreatiwiteit ontwikkel het. Ek het ook geleer ek kan ontspan soos ek oplees oor ontwikkeling, soos ek gesels met ander ma's en soos wat ons sosiaal verkeer het met ander mense. Die mees waardevolle ding wat ek geleer het wat ek regtig baie sterk sal aanbeveel vir elke jong mamma is die volgende :

PRAAT met jou kind heeltyd en oor alles,

gebruik 'n wye woordeskat en dramatiseer so baie soos jy kan. Hierdie praat kan natuurlik insluit VOORLEES vir jou kinders, nie soseer sodat hulle vroeë lesers moet wees nie, of selfs om boeke te waardeer nie (alhoewel hulle definitief dit ook sal leer) maar eerder vir die waarde om 'n wye woordeskat op te bou. Taal is die basis van kommunikasie nie net vir verhoudings bou nie, maar ook vir elke kennisveld. Die enigste verskil is in die tipe 'taal' wat gebruik word in die verskillende velde, maar die basiese "verstaan van taal" moet reeds daar wees. Hierdie is nie iets wat in skool geleer word nie…dit is iets waarmee geleer word in skool, so as dit nie daar is nie, hoe sal hulle leer? Weet ook that televisie of dvd's kan nooit die kommunikasie wat jy persoonlik met jou kind het vervang nie, en ook is dieselfde ouderdom sosiale groep selde die plek waar 'n kind 'n nuwe woordeskat aanleer (apart van die woorde wat jy dalk eerder nie wil hê hy/sy moet leer nie). Andrew Pudewa (die taalkundige in tuisskool sirkels) sien die insettte van 'gesofistikeerde taal patrone' in 'n kind se brein as krities vir breindontwikkeling in die algemeen maar ook om regtig te kan kommunikeer wat jy bedoel en dit bemagtig jou om enige kennis veld te kan leer. 'n 'Normale' kind vandag is nie outomaties blootgestel aan goeie taal nie – meeste van hy/sy tyd word spandeer tussen selfde ouderdom groep kinders, televisie, die media en selfoon gesprekke, nie regtig dit wat mens as 'gesofistikeerde taal' sou beskou nie. Blootstelling aan goeie taalgebruik in volwassenes se gesprekke sowel as die voorlees van goeie boeke vir jou kinders (nie net totdat hulle ouer as drie is nie…) sal baie help om taalpatrone te vestig.

O hoe verlang ek terug na daardie opwindende besige baba/peuter tye ….geniet elke oomblik !